Oordenking
30 Maart 2009

Jesus ontmoet die vroue van Jerusalem

Lukas 23:27- 28 *'n Groot menigte van die volk het agter Jesus aangeloop, onder wie ook vroue wat oor Hom getreur en gehuil het. Maar Jesus het na hulle toe omgedraai en gesê: "Vroue van Jerusalem, moenie oor My huil nie, huil oor julleself en julle kinders."*

Jesus het nie as 'n hulpelose slagoffer van Romeinse of Joodse onregverdigheid gesterf nie. Hy het gekies om gehoorsaam aan die wil van sy Vader aan die kruis te sterf en die sonde van die wêreld te dra. As enige iemand die skuld vir die dood van Jesus moet aanvaar, is dit elkeen wat gesondig het. As ons sien hoe Jesus gekruisig is, huil ons saam met die vroue van Jerusalem – maar nie oor Jesus se keuse om te sterf nie, maar oor onsself, want in sy lyding sien ons wat ons eintlik verdien – en dit gee ons rede om te treur oor wie ons werklik is!

Gebed*: Vader, mMag my trane oor die lyding van Jesus die gevolg wees van my berou oor my sonde wat U soveel pyn gekos het. Verander my hartseer oor my sonde in heerlike vreugde oor u majestueuse ontferming. Amen.*